NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Seëngroet

**Seëngroet:**

"Genade en vrede vir julle van God ons Vader
en die Here Jesus Christus" (Rom 1:7; 1 Kor 1:3),
wat trinitaries aangevul kan word met: "... deur die
werking van die Heilige Gees."

**Seën:**

Die vrede van God
wat alle verstand te bowe gaan,
sal oor julle harte en gedagtes die wag hou
in Christus Jesus. Amen (Fil 4:7)

**Seën:**

God se hoop sal vir jou 'n anker wees te midde van die hooploosheid van die wêreld.
God se vrede sal oor jou hart en verstand die wag hou.
God se vreugde sal jou dra, ook deur hartseer tye.
God se liefde sal vir jou so 'n werklikheid wees dat ander God in jou sal beleef. Amen.

(Uit Bybelmedia se Preekriglyne en Liturgiese Voorstelle vir 2011-12.)

**Seën:**

Mag wat u sê en wat u dink
tog aanneemlik wees vir ons
"Here, ons Rots en ons Verlosser;
Die Here sal u seën
en u beskerm;
die Here sal tot u redding
verskyn
en u genadig wees;
die Here sal u gebede verhoor
en aan u vrede gee!" Amen

(Uit Psalm 19:15 en Numeri 6:24-26)